


# wen by Grand Prix of Nations 2017

Die Universiteit van Pretoria Camerata het die Jeugkoor kategorie gewen by die glansryke, internasionale Grand Prix of Nations en 3de Europese Koorspele 2017 wat in Julie in Riga, Letland, plaasgevind het.


'Ons is baie trots op die prestasie van die koor wat die Universiteit in al sy diversiteit verteenwoordig. Ons het in beide die volksang- en gemengde jeugkoor kategorieë meegeding," sê die dirigent, Michael Barrett. "Die studente het baie hard gewerk om hierdie fantastiese prestasie te behaal.'

Die Grand Prix of Nations is 'n internasionale kompetisie waaraan amateur kore van regoor die wêreld deelneem. Vanjaar is dit gekombineer met die 3de Europese Koorspele en 200 kore bestaande uit sowat 12 000 sangers het deelgeneem.

Die 75 lede van Tuks Camerata is almal voltydse UP-studente en hulle verteenwoordig studierigtings uit feitlik alle fakulteite soos ingenieurswese, musiek, teologie, ekonomie en regte, om 'n paar te noem. In 2015 het die koor 'n Suid-Afrikaanse Musiektoekenning gekry vir hulle album, *Phoenix*, in die beste klassieke/instrumentale kategorie en in 2014 het hulle ook in hul kategorie by die Wêreld Jeug Koorspele gewen. ■





*Die dirigent van die koor, dr Michael Barrett, het die graad DMus (Uitvoerend) gekry tydens die onlangse Lentegradeplegtighede.*

